University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



# HOOFSTUK III

# DIE OPELUGMUSEUM-GEDAGTE IN SUID-AFRIKA

## i Die ontstaan

Dit is begryplik dat die ontstaan van die opelugmuseum-gedagte in Suid-Afrika, soos elders, 'n lang aanloop gehad het en dat dit ook hier nie oornag posgevat het nie. Dit kan verder ook aanvaar word dat die wenslikheid en dringende noodsaaklikheid van so 'n museum vir Suid-Afrika by verskillende mense met verloop van jare posgevat het. Dit sou in die besonder geld vir kultuur= bewuste mense wat na Nederland gereis het vir studie of ander redes. Dit blyk tot vandag toe 'n redelik algemene verskynsel dat veral Afrikaners wat Nederland besoek, gewoonlik by die Opelugmuseum van Arnhem aandoen; asook by opelugmusea in die Skandinawiese lande, hoewel in 'n veel mindere mate.

Uit die verlede kan ons in dié verband minstens twee voorbeelde noem.

Eerstens is daar die skrywer, J F W Grosskopf (1885 - 1949). In sy toespraak op 25 Februarie 1938 by geleentheid van die jaarlikse opening van die Univer= siteit van Pretoria maak die professor melding van dié saak.[1] Hy vertel onder meer van die opelugmusea van Swede en spreek dan die gedagte uit dat die Universiteit die leiding moet neem om so 'n museum in Suid-Afrika op te rig. Miskien moet dit aanvanklik slegs "'n regte outydse Transvaalse boerehuis" wees om daarmee 'n aanskoulike beeld te gee van hoe 'n Transvaalse Voortrekker= gesin "maar net 70 of 80 jaar gelede gelewe het". Op grond van hierdie uitspraak van prof Grosskopf noem mev Kotie Roodt-Coetzee hom "die eerste pleitbesorger vir die stigting van hierdie soort kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika".[2]

Tweedens het dr G v W Eybers in sy reeds aangehaalde minderheidsverslag ook dié gedagte in sy betoog oor die kultuurhistoriese museum ingeruim: "Dit is nie 'n gees van foutvindery dat mens die toestand in Suid-Afrika, wat museums vir geskiedenis en algemene kultuur betref, met dié in verskillende oorsese lande vergelyk nie; maar ons moet nog baie verder vorder voordat ons selfs in die stof kan kom van sulke opvoedkundige strukture soos die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



museumdorpie van Henry Ford op Dearborn of die Sweedse Museumdorp op die Skansen-skiereiland of die Copenhagen-museum ..."[3] Hieruit is dit tog duidelik dat dr Eybers wat later in die sestigerjare 'n aktiewe rol gespeel het in die stryd om die stigting van 'n opelugmuseum, reeds voor 1950 ook met dié fenomeen kennis gemaak het.

Die eerste georganiseerde poging wat ek egter kon aantref, is dié van die Genootskap Oud-Pretoria.[4]

ii <u>Die poging van die Genootskap Oud-Pretoria</u>

Die stigting van die Genootskap Oud-Pretoria sou uiteindelik 'n besonder belangrike rol speel in die ontstaan en groei van die opelugmuseum-gedagte in Pretoria. Die Genootskap is op 22 Maart 1948 aan die huis van dr W H J Punt deur twaalf persone gestig.[5]

Uit die doelstellings van die Genootskap blyk dit baie duidelik dat hierdie groepie mense besorg was oor die vinnige vernietiging en sloping van veral historiese geboue in Pretoria en dat hulle 'n aktiewe bydrae wou lewer om die geskiedenis van die stad te bewaar deur veral dokumente, voorwerpe en materiaal van geskiedkundige belang te versamel. Verder wou hulle betrokke wees by geskiedkundige feesvierings wat veral Pretoria raak. As in gedagte gehou word dat hierdie stigting ongeveer sewe jaar voor die Eeufees van Pretoria plaasgevind het, dan werp dit 'n besondere lig op die totstandkoming van die organisasie.[6]

Reeds in September 1952 het dr Punt in "Pretoriana", die lyfblad van die Genootskap, 'n insiggewende artikel geskryf onder die opskrif "Ons stad groei".[7] Hy meld daarin dat daar oor 'n paar jaar geen enkele voorbeeld van die oudste huise van Pretoria, wat so kenmerkend van die stad was, meer oor sal wees vir die nageslag om te besigtig nie. "Indien so 'n huis met sy oorspronklike meublement en tuin kon bewaar word, sou besoekers, ook die van oorsee, 'n voorbeeld van 'n kulturele erfenis uit Transvaal se wordingsjare kan gaan sien. Wat 'n kunsskat sal die woning oor 'n paar eeue vir Pretoria en Transvaal wees!" Hy spreek ook verder die mening uit dat die Stadsraad van Pretoria die aangewese liggaam is om in oorleg met die Genootskap Oud-Pretoria so 'n outydse huis aan te koop.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Wat die invloed van hierdie artikel op die verdere verloop presies was, is vandag moeilik te bepaal. Die feit is egter dat so 'n ou woning vroeg in 1953 die onderwerp van menige gesprek en geskrif word[8] en dat dit juis 'n Stadsraadslid is wat die inisiatief in die besondere bewaringspoging neem. Die huis het behoort aan ene Bras Pidade Perreira, 'n vooraanstaande Portugese handelaar. Na die ontruiming van Schoemansdal in die sestigerjare van die vorige eeu, het Perreira na Pretoria verhuis en die betrokke huis op die hoek van Skinner- en die huidige Paul Krugerstraat gebou. Die huis was dus ten tye van die belangstelling daarin ongeveer 80 jaar oud en is allerweë beskou as die oudste huis in Pretoria.

Vir die volgende twaalf jaar sou die stryd om die behoud van hierdie huisie voortduur. Die Stadsraadslid wat die inisiatief geneem het, was die bekende mnr Leon Besaans. Hy het voorgestel dat die huis afgebreek en elders herbou moet word. Die saak was egter spoedeisend omdat die perseel waarop die huis gestaan het, te koop aangebied is. Die voorstel van mnr Besaans het dadelik groot byval gevind by die Genootskap. Die Stadsraad is in kennis gestel dat die Genootskap sy hulp aanbied om 'n geskikte perseel vir die heroprigting van die woning te vind. Die Genootskap sou ook beskikbaar wees om te help met die afbreek van die gebou en die inwinning van tegniese besonderhede van boumetodes asook met die insameling van geskikte meublement sodat die huis in alle opsigte in die regte kultuurhistoriese konteks geplaas kan word.[9]

Teen die einde van 1953 het die lede van die Genootskap verneem dat daar groot belangstelling by die Stadsraad vir die onderneming heers. Die gedagte het teen daardie tyd ook so ver gevorder dat die eienaars van die huis, mnr G N Heydenrych en sy moeder, dit gratis aan die Genootskap geskenk het.[10]

Verder het die mening ontstaan dat die huis by Du Preezhoek in die Fonteine-omgewing waar die Bronkhorst-familie in die veertigerjare van die vorige eeu die eerste hartbeeshuisies opgerig het, herbou moet word.[11] Die Genootskap sou die verantwoordelikheid aanvaar terwyl die Stadsraad die volgende twee voorwaardes gestel het: "1) Dat die Raad nie vir die onderhoud en sorg van die huis aanspreeklik gehou word nie. 2) Dat die grond waarop die huis heropgerig gaan word, die eiendom van die Raad bly."[12]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Intussen het die gedagte ook posgevat dat die huis gereed moet wees vir die Pretoriase Eeufees wat in 1955 gevier sou word. Die komitee het bestaan uit raadslid L Besaans, mnr G N Heydenrych, prof A L Meiring, mnr H Eaton en dr W Punt, en sou met die hulp van die Boumeestersvereniging alles in hul vermoë doen om "Fountain Lodge", só genoem vanweë 'n fontein op die perseel, vir die nageslag te bewaar.[13]

Die geskiedenis van hierdie bewaringspoging moet hier onderbreek word om melding te maak van 'n ander verwikkeling wat myns insiens die gang van die saak ingrypend beïnvloed het. Dit was naamlik die reis wat dr Punt in Augustus 1953 na Europa onderneem het. Hy het onder andere 'n besoek aan die Opelugmuseum van Arhhem gebring, wat 'n geweldige indruk op hom gemaak het. Dr Punt lewer op 29 Januarie 1954 op 'n Bestuursvergadering van die Genootskap verslag van sy reis en maak op die vergadering sy plan bekend om ook in Suid-Afrika 'n opelugmuseum te stig. Ten einde hierdie plan aan die publiek bekend te maak, word 'n algemene vergadering beplan waarby dr Punt as spreker sou optree.[14] Hierdie vergadering vind op 24 Februarie 1954 plaas in die Projeksiesaal van die Tegniese Kollege. Die onderwerp vir bespreking is: "Die moontlikheid om 'n Opelugmuseum vir Transvaal in Pretoria te stig." Die uitnodiging na hierdie vergadering meld verder dat die heroprigting van die "oudste tans bestaande huis in Pretoria" die begin moet vorm van die Opelugmuseum wat nou beplan word.[15] Die vergadering was 'n groot sukses en die volgende mosie wat deur dr Punt voorgestel en deur mnr L Besaans gesekondeer is, word 'n besluit van die vergadering: "This meeting requests, that the Executive Committee of the Association Old Pretoria in consultation and with the assistance of the City Council of Pretoria and other bodies proceeds to establish an Open Air Museum for the Transvaal in Pretoria."[16]

Alhoewel die hoop nog in Oktober 1954 bestaan het dat die Opelugmuseum tydens die Eeufeesjaar van Pretoria sy beslag sou kry deur die oprigting van die eerste huis op die terrein waaroor daar op daardie stadium onderhandel is, het die probleme reeds begin deurskemer.[17] Die Stadsraad van Pretoria aan wie die terrein in die Fonteinevallei behoort het, was meer as gewillig om met die Genootskap saam te werk om die doelstelling te verwesenlik. Tog moes presies bepaal word aan wie die terrein oorgedra moes word. Die Stadsraad moes beslis of die beheer daarvan nie op 'n breër basis gestel moes

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


word nie. Die probleem sou opgelos kon word as die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum by die aangeleentheid betrek kon word. Aangesien hierdie Raad immers 'n statutêre liggaam was, sou dit vir die Stadsraad baie aanneem=liker wees om 'n ooreenkoms met hulle aan te gaan in plaas van met 'n liggaam van ongeveer 130 vrywillige lede. Die Genootskap is dus deur die Stadsraad versoek om die aangeleentheid met die Raad van die Transvaal-Museum te bespreek.[18]

Hierdie samespreking het op 3 Desember 1954 plaasgevind. Alhoewel die verteenwoordigers van die Genootskap verseker is dat die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum intens belangstel in die poging om 'n opelugmuseum in Pretoria op te rig, kon hy egter nie sy oë vir die bestaande probleme sluit nie. Die Raad sien dus nie sy weg oop om verantwoordelikheid vir die onderneming te aanvaar nie. Só het die Eeufeesjaar dus aangebreek sonder die vooruitsig dat die einde van die onderhandelinge in sig was.[19]

Die onderhandelinge wat die Genootskap Oud-Pretoria veral met die Stadsraad van Pretoria in 1955 gevoer het, word oorheers deur twee sake: die moontlikheid om die terrein aan die Genootskap oor te maak, en die poging van die Genoot=skap om 'n aanvaarbare Beheerraad vir die Opelugmuseum daar te stel. Teen die einde van die jaar kon wel van 'n geringe vordering met albei sake melding gemaak word.

Volgens 'n besluit van die Stadsraad op 29 Julie 1955 sou 'n langtermyn-huurooreenkoms aangegaan word vir 'n pragtige stuk grond wat geleë is tussen die Delmas- en Fonteinepad. Die grond is 40 morge groot en het deel uitgemaak van die plaas Groenkloof nr 419. Aanvanklik is slegs 15 morge toegeken met dien verstande dat die ander 25 morge vir 'n tydperk van tien jaar vir verdere gebruik gereserveer sou word indien die onderneming suksesvol blyk te wees. Die Stadsraad het egter die voorwaarde gestel dat 'n goedgekeurde verteen=woordigende liggaam daargestel moet word, met magte om kontrakte te sluit en wat ook bewys kan lewer dat dit oor genoegsame finansiële steun beskik.[20] Hierdie besluit van die Stadsraad berus op 'n aanbeveling wat deur mnr N Cooper, die Stadsraad se Stadsbeplanner, gemaak is na sy besoek aan Arnhem in 1955. Hy het onder andere in sy verslag geskryf: "Ek wil dadelik sê dat die Arnhem-museum iets wonderliks is." Verder lê hy nadruk op die koste

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



van so 'n opelugmuseum wat volgens hom baie hoog is. 'n Klein vereniging soos die Genootskap sou so 'n skema nie kon finansier nie. Hy beveel ook aan dat dit 'n nasionale poging moet wees wat deur die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap aangepak word. Die Stadsraad kan dan die grond skenk en die Genootskap kan propaganda maak vir die museum. "Kortom meen ek dat die Stadsraad slegs grond vir die opelugmuseum moet skenk as hy tevrede is dat daar genoeg geldelike stukrag vir so 'n skema is. Andersinds kan ek die toekenning van die grond nie aanbeveel nie."[21]

Die tweede saak wat in 1955 aandag geniet het, was die aanstelling van 'n Beheerraad. Die Stadsraad het gunstig gereageer op die voorstel wat deur die Genootskap gemaak is.[22] Die volgende instansies en liggame is uitgenooi om in die Beheerraad te dien:

Die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap
Die Stadsraad van Pretoria
Die Genootskap Oud-Pretoria
Die Suid-Afrikaanse Museumvereniging
Die Onderwysdepartemente van die vier Provinsies
Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
Die Genootskap van Meesterbouers
Die Argitektegenootskap
Die Kamers van Handel en Nywerheid
Die Kamer van Mynwese
Die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging[23]

In 1956 word die aangeleentheid van 'n Beheerraad nog 'n stap verder gevoer. Die betrokke liggame het op uitnodiging van mnr C L de Bruyn, 'n bestuurslid van die Genootskap, by 'n eetmaal in die Constantiaklub vergader.[24] By dié geleentheid is toe besluit om die Beheerraad saam te stel asook 'n grondwet vir die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum.[25] Hierdie konstitusie het in 23 artikels op 'n besonder behendige wyse die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum in Pretoria gedefinieer en die kontrole, beheer en bestuur, en ander sake uiteengesit. Enkele van dié bepalings verdien kortliks die aandag.

Ten eerste moet gemeld word dat die heel eerste besluit in verband met die oprigting van die Opelugmuseum wat geneem is tydens die algemene vergadering van die Genootskap op 24 Februarie 1954, bepaal het dat dit 'n "Opelugmuseum vir Transvaal" sou wees. Die konstitusie het egter baie duidelik bepaal dat dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



"die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum" sou wees wat hom rig op "die geskiedenis van Suid-Afrika en sy bevolking ..."

'n Tweede saak wat uit dié dokument gelig moet word is dat artikel 2, wat die name van liggame en organisaises noem wat verteenwoordig is in die Beheerraad, slegs die Transvaalse Onderwysdepartement vermeld en nie al die Onderwys=departemente soos aanvanklik bedoel is nie. Verder word die Kamer van Mynwese ook nie genoem soos in die vorige lys wat deur die Stadsraad goedgekeur is nie. Miskien is die insiggewendste feit egter dat die Transvaal-Museum in die hele konstitusie verswyg word.[26]

Die onderhandelinge van 1957 het feitlik niks konstruktiefs opgelewer nie. Alhoewel die hoop uitgespreek is dat 1957 die jaar sou wees waarin die Opelugmuseum 'n werklikheid sou word, het 1958 aangebreek met nie veel meer verrig as die konstitusie wat getuig van 'n droom wat maar net nie werklikheid wil word nie.[27]

iii Die Transvaal-Museum soek toenadering en samewerking

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat die kultuurhistoriese museum in die sestigerjare van hierdie eeu 'n betekenisvolle "oorwinning" behaal het toe dit in dié tyd tot selfstandigwording gevoer is. Daar is ook aangetoon dat die stryd in die besonder in die vyftigerjare gevoer is. Veral na die aanstelling van die eerste vakkundige in die Kultuurhistoriese Afdeling van die Transvaal-Museum, is die behoefte in die Museum ook dringender aangevoel vanweë die groot gebrek aan ruimte. Maar die besef van die belangrikheid van die kultuur=historiese versameling het uiteindelik deurgedring en daar is met nuwe oë na dié erfenis gekyk. Die toestand was inderdaad sorgwekkend: "On and above everything else, the existing Old Museum building, in which is housed what is probably the greatest and most valuable single assemblage of unique historical relics in South Africa, is totally unsuitable for the purpose, being old-fashioned, in constant need of repair and an ever present fire hazard."[28] Hierdie toestand van sake het die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum eenvoudig genoop om 'n uitweg te soek. Dit baan juis die weg vir nuwe samesprekings met die Genootskap Oud-Pretoria en die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum.

Die jarelange poging van die Genootskap Oud-Pretoria kon in dié omstandighede vir die Transvaal-Museum 'n uitkoms bied. Alhoewel hulle drie jaar vantevore

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


toenadering van die Genootskap afgewys het, het die situasie beslis verander. Die grond wat die Stadsraad aan die Genootskap toegesê het, was van onskatbare waarde. Indien die samewerking van die Genootskap verkry kon word, kon 'n gebou vir die Kultuurhistoriese Afdeling dáár opgerig word.

Op inisiatief van die Historiese Subkomitee van die Transvaal-Museum word 'n samespreking op 15 April 1958 met die Genootskap en die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum gereël. Op dié vergadering het die voorsitter van die Historiese Subkomitee, prof A N Pelzer, die situasie van die Transvaal-Museum aan die vergadering verduidelik. Hy meld ook aan die vergadering dat dr E P Friede van Johannesburg 'n skema aan die Historiese Subkomitee voorgelê het, waarin hy pleit dat 'n uitstalling van prehistoriese klipgraverings op 'n koppie in die Opelugmuseum opgerig word.[29] Dié uitstalling van prehistoriese kuns moet dan die begin vorm van die Opelugmuseum terwyl 'n gebou vir die Kultuurhistoriese Museum ook op die terrein verrys. Verder verduidelik prof P J Coertze wat presies die versoek aan die Genootskap is. Die Transvaal-Museum vra dat die Genootskap sy eerste reg op die terrein wat aan hom toegesê is, aan die Museum moet oordra. Die Genootskap kan dan verteenwoordiging op die Raad van die Museum kry. Soos begryp kan word, sou dit vir manne soos dr Punt, dr Eybers en ander nie maklik wees om na soveel jare van stryd sommer hul voorkeur op die terrein af te sweer nie. By hulle het daar inderdaad die bedenking bestaan dat die Transvaal-Museum in sy poging om 'n groot kultuurhistoriese museum te bou uiteindelik die saak van die Opelugmuseum gaan nalaat en benadeel. Dit het egter nie beteken dat hulle onwillig was om saam te werk nie. Trouens, hulle was te vinde vir die voorstel van prof H M van der Westhuysen dat 'n Aksiekomitee die samewerking ondersoek.[30]

Hierdie en ander samesprekings loop daarop uit dat die Gesamentlike Komitee van die Transvaal-Museum en die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum op 19 November 1958 'n onderhoud voer met mnr J J Serfontein, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Die onderhoud is aangevra om die Minister in te lig oor die samewerking wat nou tussen die Transvaal-Museum en die Opelugmuseum bestaan. Beide inrigtings het uiters waardevolle bates wat, indien dit gesamentlik aangewend word, kan lei tot groot voordeel vir die kultuurhistoriese museumwese in Suid-Afrika. Die onderhoud het egter 'n groot teleurstelling ingehou aangesien die Minister nie gewillig was om hom te kompromitteer nie. Hy het aangevoer dat hy kort tevore die portefeulje by mnr M C de Wet Nel oorgeneem het en daarom nie op hoogte van sake is nie. Alhoewel daar in die verlede wel

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



memoranda aan die vorige Minister voorgelê is, moet die Gesamentlike Komitee tog onderneem om vir hom ook van so 'n memorandum te voorsien.[31] Dié dokument is deur die Direkteur van die Transvaal-Museum, dr V FitzSimons, vir die Minister gereed gemaak.[32]

Weer eens het die onderhandelaars en die gesamentlike poging in 'n skaak=matposisie beland. Die owerheid moes nou die beslissing maak terwyl die verteenwoordigers van die twee inrigtings niks kon doen om die saak te be=spoedig nie. Die Voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria, dr Eybers, het tog wel op 9 November 1959 'n brief aan die Stadsraad geskryf waarin hy versoek dat die Genootskap toegelaat moet word om by die Uniefees van 1960 ingeskakel te word. Die Genootskap en die Voorlopige Bestuur van die Beheer=raad van die Opelugmuseum sou graag alles in hul vermoë doen "om iets blywends tot stand te bring" tydens die Uniefees. Die bedoeling is dat die eerste gebou op die Opelugmuseum se terrein by dié geleentheid geopen moet word. Daarom versoek hy ook dat die Stadsraad nou die formele oordrag van die terrein wat aan die Opelugmuseum toegesê is, sal bewerkstellig.[33]

Die laaste vyf jaar, 1960 tot 1964, waarin die Genootskap Oud-Pretoria betrokke was in die stryd om die Opelugmuseum gevestig te kry, word gekenmerk deur 'n byna koorsagtige bedrywigheid. Dit vind plaas in die skaduwee van drie sake. Eerstens die feit dat die Stadsraad genoodsaak was om sy aanbod van die terrein in die Fonteinevallei te wysig en 'n ander stuk grond in die omgewing van die Voortrekkermonument in die plek daarvan aan te bied.[34] Tweedens moes die Genootskap en sy Opelugmuseum eenvoudig sit en wag dat die owerheid 'n besluit neem wat die toekoms sou bepaal.[35] Derdens was al hul pogings vrugteloos om 'n betekenisvolle finansiële bydrae van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap asook van die Provinsiale Raad te verkry, en kon hulle eenvoudig geen vordering maak nie.[36]

iv <u>Die onderhandelinge van die Genootskap Oud-Pretoria loop ten einde</u>

Gedurende hierdie tyd het die Bras Perreira-huis soos 'n swygsame getuie van die stryd bly staan.[37] Vroeg in September 1960 was die huis weer in die nuus. Die dokumente van Perreira is in dié tyd in die huis "ontdek". Terwyl opruimings=werk in die ou huis gedoen is, nadat 'n brand kort tevore die huis beskadig het, is die dokumente gevind. Daarna is dit aan die Transvaalse Argief oorgedra terwyl die meubels in die Transvaal-Museum geberg is.[38] Hierdie voorval het

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


weer opnuut die aandag gevestig op die huis wat reeds vir soveel jare die bron van inspirasie was om as eerste gebou in die Opelugmuseum heropgerig te word.

'n Verdere rede vir die nuwe belangstelling is geleë in die feit dat die Stadsraad die Genootskap reeds in kennis gestel het dat die huis voor 30 Junie 1962 gesloop moes wees. Daarop is besluit dat 'n laaste kragdadige poging aangewend moet om die huis te bewaar. Geld moes eenvoudig gevind word om dit te sloop vir die heroprigting. Die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap is genader om finansiële steun. Daarop is afskrifte van die pleidooi gerig aan alle verteen=woordigers van Pretoria-setels in die Volksraad en in die Provinsiale Raad.[39] Die Departement was nie bereid om 'n bydrae te maak nie en op al die briewe wat uitgegaan het, het benewens minister De Wet Nel slégs dr J C Otto, LV geantwoord. Daar is toe besluit om dringende vertoë tot die Provinsiale Sekretaris te rig - en as dit nie slaag nie, tot die Stadsraad.[40] Die versoek aan eers=genoemde het nie geslaag nie[41] en die Stadsraad het R50 bewillig.[42]

As laaste, byna wanhoopsdaad is besluit dat 'n afvaardiging bestaande uit mnr Andries Snyman, mnr Norman Eaton, dr Albert Hertzog, prof A L Meiring en dr G W Eybers hulle tot die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap sou wend.[43] Alhoewel die adjunk-minister, mnr Marais Viljoen, die deputasie op 10 September 1962 vriendelik ontvang en verseker het dat die Minister die saak van die Opelugmuseum goedgesind is, het daar verder niks van gekom nie.[44] In Oktober 1962 is die huis gesloop en die materiaal is op 'n parkeerterrein bewaar.[45] Mnr Norman Eaton het reeds gedurende die vorige jaar planne van die huis geteken en die nodige foto's vir die dokumentasie van die gebou ge=neem.[46]

Die slottafereel in die stryd om die behoud van die Bras Perreira-huis, wat bykans 12 jaar geduur het, word geskryf kort nadat verneem is dat die Minister dit goedgedink het om die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Augustus 1964 tot stand te bring.[47] In September 1964 het die Genootskap Oud-Pretoria die materiaal aan die Beheerraad van die nuwe Museum aangebied.[48] Op 15 Maart 1965 het mev Kotie Roodt-Coetzee namens die Raad van Kuratore die besluit aan die Genootskap bekendgemaak: "In opdrag van die Raad moet ek u Genootskap verder bedank vir die vriendelike aanbod van die materiaal van die Bras Perreira-huis en u meedeel dat die Raad tot sy leedwese nie kans sien om die materiaal in ontvangs te neem nie, aangesien hy teen die herbouing

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


van die huis besluit het."[49] In die Jaarverslag aan die einde van 1965 skryf dr T S van Rooyen, Voorsitter van die Genootskap, die droewige slotwoord in dié geskiedenis: "Aangesien die Raad van die Opelumuseum nie sy weg oopgesien het om die materiaal van die Bras Perreira-huis vir heroprigting te aanvaar nie, was u Bestuur verplig om die materiaal te laat 'dump'."[50]

Uit die beskikbare dokumente oor bedrywighede tussen 1958 en 1964 is dit baie duidelik dat daar van samewerking tussen die Genootskap Oud-Pretoria en die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum nie veel gekom het nie. Alhoewel daar sedert 15 April 1958 samesprekings was en gemeenskaplike optrede na buite, soos selfs in die pers berig op Woensdag 29 Augustus 1962 onder die opskrif "2 liggame span kragte saam vir opelugmuseum",[51] is dit opvallend dat albei steeds besig was met 'n eie poging. Van die Genootskap se pogings is reeds melding gemaak. Een en ander kan ook van die Historiese Onderkomitee se pogings vermeld word.

v Die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum se bydrae

Sedert hierdie Komitee in 1958 sy belangstelling in die oprigting van 'n opelugmuseum betuig het en formeel samewerking met die Genootskap gesoek het, het dit veral in die persoon van die vakkundige beampte, mev Kotie Roodt-Coetzee, doelbewus daarna gestreef om die saak van die Opelugmuseum te be= vorder. Daarvan getuig onder andere eerstens die reis wat onderneem is na sekere dele van die Kaapprovinsie waar 'n verbasende aantal geboue, skure, watermeulens en ander kultuurhistoriese voorwerpe gevind is wat onontbeerlik is in 'n versameling waaruit 'n opelugmuseum moet ontwikkel.[52] 'n Tweede reis wat onderneem is, was dié na Europa waar mev Roodt-Coetzee waardevolle ondervinding en kennis opgedoen het wat ewe-eens onontbeerlik is.[53]

Hierdie verskerpte belangstelling van die kant van die Transvaal-Museum en veral sy Historiese Onderkomitee, het die oog vir iets anders geopen wat nog verder bygedra het tot ywer en toewyding vir die saak. Dit was die bewus= wording van die groot gevaar van die verdwyning van materiaal wat in dié tyd 'n onrusbarende werklikheid geword het.[54]

Teen hierdie agtergrond word 'n belangrike vergadering op 16 Augustus 1962 gehou deur die "Kleinkomitee Ad Hoc insake Opelugmuseum", waarvan mnr J J van Schaik die sameroeper was.[55] Die byeenkoms is 'n uitvloeisel van 'n

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


besluit wat die Raad van Kuratore op sy vergadering van 28 Mei 1962 geneem het. Die Kleinkomitee is gevra om ondersoek in te stel na die noodsaaklikheid om 'n opelugmuseum te stig en om 'n memorandum op te stel vir voorlegging aan die Stadsraad van Pretoria. Die konsep van dié memorandum is deur mnr H P H Behrens opgestel en op die vergadering behandel. Seker die belangrikste aanbeveling van hierdie vergadering was: "Dat die Raad van Kuratore die oprigting van 'n opelugmuseum waarmee so lank gesloer is, nou moet aanvaar as 'n onder= neming wat deur die Museum self deurgevoer moet word en dat die Stadsraad versoek moet word om 'n geskikte perseel wat vir die doel geskik is, aan die Raad te skenk." Hierdie versoek is vervat in die memorandum wat aan die Stadsraad gerig is. Daarin word onder andere vermeld: "Die Raad van Kuratore het die saak bespreek en die aanbeveling van sy Historiese Komitee eenparig aanvaar. Die Raad van Kuratore van die Transvaal-museum wil hiermee beleefd by die Stadsraad aansoek doen om die skenking van 'n perseel wat vir die oprigting van 'n opelugmuseum geskik sou wees."[56]

vi    Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum tree tot die stryd toe

Hierdie besluite wat die Raad van Kuratore van die Transvaal-Museum in 1962 geneem het, was dan ook die begin van 'n lang, moeisame en frustrerende geskiedenis wat na sestien jaar nog nie tot 'n einde gevoer is nie - en as die voorafgaande jare van die Genootskap Oud-Pretoria se bemoeiing daarby gevoeg word, is dit ruim 25 jaar!

Die jare sedert 1962 word gekenmerk deur die eindelose geskryf van memoranda en briewe, eindelose vergaderings en samesprekings.[57] Hierdie onderhandelinge, wat eers deur die Historiese Komitee gevoer is en daarna deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum en dan veral deur mev Kotie Roodt-Coetzee, wat in April 1965 Direkteur van dié Museum geword het, is gerig op die só noodsaaklike navorsing en inwinning van materiaal, maar dan in die besonder op die stryd om 'n geskikte terrein van die Stadsraad van Pretoria te bekom. 'n Memorandum wat in 1970 opgestel is oor die onderhandelinge oor 'n terrein bevat onder andere die volgende insiggewende inligting:[58]

"In dertien jare se tyd het die Museum nou by terrein no. 13 aangeland.

Hierdie soektog moes minstens tien jaar gelede al end gekry het want daagliks krummel die ou geboue weg en daagliks word hulle platgevee deur moderne

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


uitbreiding. In die afgelope paar jaar het 'n aantal belangrike kultuurhistoriese wonings verlore geraak vir die Opelugmuseum. Ons noem slegs die ou Kaaps-Hollandse woning op Brakfontein naby Moorreesburg; "Rust-en-Vrede" op die grens van die Blanke en Nie-Blanke woonbuurtes naby die Paarl; 'n T-vormige huis op die plaas Vogelvlei naby Graaffwater; die Hofmeyer-woning van die jaar 1694 in Stellenbosch en 'n huis naby Vredendal. Etlike ander geboue wat vier jaar gelede aan die Museum geskenk is, is intussen tot niet gemaak net omdat daar nie 'n terrein was waarna hulle vervoer kon word nie. Ondertussen word die grootste kultuurversameling in Suid-Afrika gehuisves in een van die mees brandbare geboue in die Republiek.

Terreine wat aangebied was:

1. Grond wes van die Delmaspad (Maria van Riebeeckrylaan) en oos van die Fonteine, d.w.s. tussen die twee teerpaaie; grootte 15 morg; onderhandelinge was hoofsaaklik deur die Genootskap Oud-Pretoria gevoer en behandel in samesprekings met die Transvaal Museum in 1957 en 1962.

2. Grond oos van die Voortrekkermonument waar die snelweg na Johannesburg en Potgieterstraat tans kruis by die kruisoorpad. ('n Goeie terrein wat nie gekry kon word nie as gevolg van die bou van die snelweg).

3. Grond bo-op die rant, oos van die Voortrekkermonument. (Geskik maar Beheerraad is onwillig om terrein te skenk).

4. Grond op die Voortrekkermonumentterrein, aan die skuins hang vanaf die treinbrug, al langs Eeufeesweg. (Terrein is skuins en heeltemal te klein).

5. Grond op die weste punt van die Voortrekkermonumentterrein (te klein).

6. Grond van die S.A. Weermag, suid van Eeufeesweg. (Die Museumraad vind dit 'n onaantreklike kaal bult sonder enige boomgroei of afwisseling).

7. Terrein wes van Fort Klapperkop, al langs die Delmaspad (waar die toekomstige parkeerterrein gaan wees. 'n Besonder geskikte stuk grond maar die Stadsraad wil slegs 38 morg skenk).

8. Terrein suid van Fort Klapperkop. (In 1966 deur die Museumraad van die hand gewys na onaantreklik, eentonige skuins hang met min topografiese

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


verskeidenheid).

9. Terrein tussen spoorweg en snelweg na Johannesburg, naby Kloofsig=spoorweghalte aangrensend aan die militêre grond. (Eentonige, boomlose, dolomiet grond).

10. Doornplaat, 16 myl noord van Pretoria. (Te ver uit die stad veral wat die groot museumgebou betref).

11. Terrein waar die Inryteater op staan. (Gebroke grond, topografies vol interessante afwisseling wat ooreenstem met die verskillende landstreke van die Republiek; inheemse boomgroei. Die beste terrein ooit tot dusver vir 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum; geskenk deur die Stadsraad maar oordrag teengestaan deur sekere indiwidue.)

12. Terrein suid van Fort Klapperkop met 'n deel van no. 7, d.i. wes van die kop. (Hierdie keer groter as no. 8 maar nog nie so ideaal soos geskenkte no. 11 nie.)

13. Suid-ooste hoek van die Fonteinedal, aan die oostekant aangrensend aan Delmaspad. (Gebroke terrein, hoogland, koppies, gelyktes, vlei, dor klipperige dolomiet hoogte; vol afwisseling en moontlikhede.)"

Hierdie aanhaling bied 'n treffende blik op die gebeure oor die groot aantal jare waarin onderhandelinge gevoer is. Dit is begryplik dat die teenslae wat ondervind is, onherroeplike skade op verskillende vlakke berokken het. In 'n jaarverslag dui die Direkteur juis die belangrikste nadeel aan in dié woorde: "Die vertraging in die oordrag van 'n geskikte stuk grond belemmer die vooruit=gang van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum op meer as een gebied. Daar is ondervind dat boustrukture waaronder woonhuise, kerke, veekrale en meulens wat as die seldsaamste kultuurhistoriese "dokumente" beskou kan word, in die afgelope twee, drie jaar vernietig is omdat hulle nie betyds deur die Museum afgebreek en na die Opelugmuseumterrein vervoer kon word nie. Hierdie versuim waarvoor die Museum nie verantwoordelik gehou kan word nie, tel sy tol elke jaar."[59]

Die byna radeloosheid wat uit hierdie woorde van die Direkteur straal, was natuurlik nie slegs tot haar beperk nie. Dit sou ook beweer kan word dat dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


by die ander vakkundiges oor jare heen geleef het. En dit is begryplik. Verskillende navorsingsprojekte, soos dié na Namakwaland in 1970,[60] het op niks uitgeloop nie. Die vakkundiges kon hul navorsing nie in die praktyk toepas nie en die gevolg is dat die Museum oor die jare heen 'n groot erosie van bekwame mense ondervind het.

'n Baie belangrike sektor waar ook frustrasie gewek is vanweë die lang uitgerekte onderhandelinge, is die algemene publiek en sakemanne. Slegs één voorbeeld hoef hier genoem te word. 'n Briefskrywer aan 'n koerant haal die ou bekende refrein aan wat deur die jare gehoor is, dat "eersdaags begin gaan word met die oprigting van Suid-Afrika se eerste Opelugmuseum". Hy skryf onder andere: "Wat ek en duisende ander Pretorianers nou wil weet is wat het van hierdie museum geword? Waarom sloer dit so, wie is vir die sloerdery verantwoordelik en as die Staat dan nie die geld het om te bou nie, waar is die baie kultuur=bewuste mense wat kan bydra?"[61] Hierdie ongeduld raak twee vlakke. Eerstens die skenkers van kultuurhistoriese voorwerpe by wie daar oor die jare 'n agterdog gewek is oor die ongeloofwaardigheid van diegene wat die kosbaarhede kom vra – en onder andere sê "ons begin eersdaags te bou" en dan gebeur daar oor lange jare niks, behalwe dat uit ander bronne verneem word dat geskenkte materiaal "lê en oproes". Niks kan só fataal vir 'n museum wees as dié beeld eers geprojekteer is onder die publiek nie. Die tweede vlak waarop hierdie ongeduld 'n tragedie kan skep, is by die sakemanne wat ongetwyfeld 'n belangrike bydrae sal moet maak indien hierdie droom verwesenlik gaan word. By hierdie manne geld egter slegs één ding en dit is "resultate". As hulle geld vir 'n goeie saak gee of belowe, dan mag die resultaat nie uitbly nie. Die gesloerdery het ongetwyfeld op dié vlak ernstige gevolge gehad.

Alhoewel die verwesenliking van die ideaal met die aanbreek van die vyf en twintigste jaar sedert met die onderhandelinge begin is, nog 'n droom bly, het die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum tog ander suksesse gehad wat ongetwyfeld die "opelugmuseum-gedagte" in Suid-Afrika bevorder het. Twee van hierdie ondernemings kan kortliks hier bespreek word.

a <u>Die Pioniersopelugmuseum, Silverton</u>

Die Bras Perreira-huis wat in 1953 as die oudste bestaande huis in Pretoria soveel belangstelling gaande gemaak het, was nie die enigste pioniershuis wat in dié tyd onder bespreking gekom het nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)





Die Pioniersopelugmuseum in Silverton op die oostelike oewer van die Morelettaspruit.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


In Silverton, aan die buitewyke van Pretoria, het daar op die oostelike oewer van die Morelettaspruit 'n eenvoudige onpretensieuse Voortrekkerhuisie gestaan wat óók in 1953 weer onder die aandag van die publiek gebring is.[62] Dié grasdak-Voortrekkerhuisie is gebou op die oorspronklike plaas, Hartebeespoort, wat sedert 1 Maart 1858 behoort het aan die Voortrekker, David Alwyn Bota. Op dieselfde plaas ontwikkel die maatskappy "Silverton Estate Co" in die negentigerjare van die vorige eeu die "Silverton Township".[63] Die geskiedenis van hierdie huis verskyn in die vyftigerjare van ons eeu in verskillende koerante en tydskrifte en onder andere ook in "Pretoriana".[64] Die huis geniet ook die belangstelling van die Genootskap Oud-Pretoria[65] en die Stigting Simon van der Stel wat sedert 8 April 1959 hom beywer vir die behoud en bewaring van die argitektoniese erfenisse van Suid-Afrika.[66] By 'n geleentheid in 1961 het 'n bestuurslid van die Genootskap Oud-Pretoria selfs die voortvarende bewering gemaak dat dié huis die tweede huis sal wees wat na die Opelugmuseum oorgeplaas sal word. Die eerste huis was natuurlik die Bras Perreira-woning.[67]

Hierdie uitspraak het 'n heftige reaksie van onder andere die Stadsklerk van Silverton ontlok wat toe bekend gemaak het dat die Stadsraad van Silverton reeds die grond waarop die huis staan, vir R10 000 gekoop het met die doel om daar 'n opelugmuseum tot stand te bring. In September 1961 het die Stadsraad van Silverton begin om die terrein skoon te maak en mev Kotie Roodt-Coetzee genader om vakkundige hulp te verleen met die restourasie daarvan. Mev Coetzee het vasgestel dat die huis een van die oudstes in Transvaal is.[68] Met die hulp van argitek Albrecht Holm restoureer sy die huis in 1964. Die gang van sake word egter onderbreek deur die inlywing van Silverton by Groter Pretoria. Die huis sou tot in 1972 leeg staan. In dié jaar slaag die Raad van die Kultuur=historiese en Opelugmuseum daarin om na baie pogings die Voortrekkerhuisie by die Museum in te lyf. Die Stadsraad het 'n skenking gedoen van R15 000 om by te dra tot die koste om die drie hektaar grond te verbeter en die huis as museum in te rig.[69]

Dit was 'n heuglike dag toe die Staatspresident dit op 5 November 1975 as die Pioniersopelugmuseum open. Elke ingeligte kultuurmens het op daardie dag onwillekeurig teruggedink aan bykans 81 jaar gelede toe president Kruger in dieselfde stad die Staatsmuseum van die Ou Republiek geopen het. In sy skitterende toespraak het dr Diederichs nie alleen aangehaal uit die toespraak van president Kruger toe hy die nuwe gebou van die Staatsmuseum geopen het

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



nie, maar hy het ook in dieselfde gees as hy gepraat: "'n Museum bied die skakel wat 'n volk met sy verlede bind ... As 'n volk hom van sy verlede afskei, is hy soos 'n blaar wat van die boom afval en sterf. As ons nie as 'n nasie ontwortel wil word nie, is dit die plig van elke Suid-Afrikaner om in die verlede te delf en daaruit te neem dit wat mooi, skoon en edel is, en daarop voort te bou."[70]

Dit was dan die eerste geslaagde poging van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum op die weg na die verwesenliking van die groot ideaal. Sedertdien het dit oor en oor bewys dat dit 'n reuse sukses is. Die vraag ontstaan onwille= keurig: hoe groot sou die sukses nie gewees het as die "ware Jakob" ook al só verrys het nie?

Die grootste prestasie van hierdie projek is myns insiens egter die feit dat dit nie nodig was om die gebou af te breek nie, maar dat dit "opelugmuseum" is op die plek en in die omgewing waar dit werklik gestaan het.

b <u>Die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum, Rayton</u>

Die tweede poging van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum wat hier kortliks genoem moet word, is die "Willem Prinsloo-landboumuseum".[71] Hierdie onderneming spruit voort uit 'n skenking van 'n stuk grond van ongeveer 16 hektaar van die plaas Kaalfontein, distrik Rayton, aan die Nasionale Kultuur= historiese en Opelugmuseum.[72] Die skenker, mev M E le Roux,[73] is 'n afstamme= ling van die kleurryke Prinsloo-familie wat in die geskiedenis bekendheid verwerf het. Die Prinsloo's was reeds betrokke by die stigting van Graaff-Reinet waar hulle van die eerste intrekkers was, later by die opstand van Slagtersnek, die Groot Trek en Bloedrivier, om dan ook weer van die eerste intrekkers in Pretoria te word. Mev Le Roux se oorgrootvader, Willem Petrus Prinsloo, gebore in 1823, het die plaas Kaalfontein gekoop wat sedertdien deur die familie bewoon is.

Die onderhandelinge oor hierdie skenking wat uiteindelik die hele plaas van ongeveer 700 morg sal beslaan, het aanvanklik in November 1968 begin[74] en 'n belangrike fase betree toe sowel die Minister van Finansies as die Minister van Nasionale Opvoeding in Junie 1976 goedkeuring vir die aanvaarding van die skenking verleen het.[75] Dit is egter duidelik gestel dat, gesien in die lig van die ekonomiese toestand, daar vir die huidige geen hulp van Staatsweë verwag moet word nie.[76] Uit die dokumente blyk dit dat die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


aanvanklike beplanning en vergesig wat vir dié Opeluglandboumuseum in die vooruitsig gestel is, té ambisieus was. Die beraming wat deur die argitek in 1976 voorgelê is het gepraat van 'n koste van ongeveer R441 213.[77] Alhoewel hierdie beplanning grootliks laat vaar moes word, het die Museum teen die einde van 1977 reeds aansienlike vordering gemaak.

In die eerste plek is reeds daarin geslaag om die huis te restoureer. Hierdie huis dateer uit die sestigerjare van die vorige eeu. Dit was stille getuie van die lief en leed nie net van die betrokke familie wat dit sedertdien bewoon het nie, maar ook van die volk. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog word dié huis, soos die meeste ander wonings op die platteland, afgebrand sodat net die mure bly staan. Na die Oorlog is dit herstel en die oorspronklike grasdak is met 'n sinkdak vervang. Die Museum besit ook reeds verskeie meubelstukke wat vantevore deur die familie geskenk is en nou weer na die huis teruggeneem kan word.

Die werf en buitegeboue het reeds aandag ontvang. 'n Melkrondawel is opgerig, die oorspronklike slagrondawel is gerestoureer, en die nodige is gedoen aan die stal digby die huis. Bome en struike is aangeplant maar die vrugteboord en die druiwepriëeltjie word net so gelaat soos wat dit was. Die Noormansmeule wat oorspronklik op die plaas gebruik is, word vervang met 'n meule wat in die distrik Ladismith (Kaap) herwin is. Verder is daar gesorg vir 'n boorgat, 'n huis vir die opsigter en verblyf vir 'n nagwag. Vordering is gemaak met die restourasiesentrum, waarin plaasimplemente gerestoureer en gestoor sal word. Die oproep aan die publiek om voorwerpe te skenk wat in so 'n museum uitgestal kan word,[78] was ook baie geslaagd. Baie skenkings is reeds ontvang.

Die verskillende skure waarin implemente en vervoermiddels uitgestal sou word, die lesingsaal en kafeteria wat alles deel gevorm het van die aanvanklike beplanning, is egter in dié stadium op die lange baan geskuif.

Die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum op die plaas Kaalfontein, ongeveer 37 km oos van Kerkplein, is dus in die proses van opbou en ongetwyfeld 'n pragtige onderneming wat beloof om net so 'n groot sukses soos die Pioniers-opelugmuseum te wees. As die boerdery-bedrywighede eers beoefen word soos dit in die jare 1860 - 1900 was, sal dit nog 'n instrument in die hand van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum wees om hierdie bewoë pioniersjare op 'n aanskoulike wyse voor te stel aan 'n geslag wat helaas, met enkele

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



uitsonderings, nog net vae herinneringe uit dié tyd het. Die boerdery-implemente en aktiwiteite, die koeie wat gemelk en skape wat geskeer word, die dorsvloer, beesdip, smidswinkel, bakoond, ensovoorts sal inderdaad weer eens bewys dat geen medium in die onderwys en algemene opvoeding kan meeding met die funksionele uitstalling van 'n opelugmuseum nie.

vii Ander bewaringsprojekte

Die opelugmuseum-fenomeen het egter nie slegs ontwikkel en gegroei binne die kader van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum wat die amptelike opdrag ontvang het om die nasionale opelugmuseum in Suid-Afrika tot stand te bring nie. Sedert die vyftigerjare het daar dwarsdeur Suid-Afrika bewaringsprojekte van groter en kleiner omvang ontstaan en gegroei.

Sommige van hierdie projekte is tans nog in die beplanningstadium. Dit geld onder andere 'n opelugmuseum wat moontlik op die terrein van die Cedara-landboukollege deur die Natal-Museum, Pietermaritzburg, opgerig gaan word. Dié Museum besit reeds 'n aansienlike versameling wat 'n groot bate vir 'n opelugmuseum kan wees. Dit is moontlik dat die historiese Andries Pretorius-woning wat in die huidige Edendale-Bantoedorp geleë is, daar herbou kan word. Tentatiewe beplanning beoog ook 'n Indiërdorpie en 'n Zoeloekraal. In die Kaapprovinsie word gedink aan 'n opelugmuseum op 'n gedeelte van die Groot Constantia-landgoed en 'n koringbedryfmuseum in Moorreesburg. Indien hierdie beplanning vrugte afwerp, sal dit voorwaar 'n groot bate vir die museumwese in Suid-Afrika wees.


Enkel ander projekte wat reeds verder gevorder het, kan ook vermeld word.

viii Die Kimberley-Mynmuseum

Die eerste voorbeeld wat hier genoem word is die Kimberley-Mynmuseum.[79] Dit is byna vanselfsprekend dat baie nuuskieriges by die Kimberleymyn sou saamdrom. Hier het immers die grootste met die hand uitgegraafde gat ter wêreld ontstaan. Maar die feit dat daar gereeld duisende gekom het om dit te besigtig, het ook probleme ingehou. Daarom besluit die De Beers Consolidated Mines Limited reeds vroeg in die vyftigerjare om 'n waarnemingsplatform op te rig.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)




Die kombuis in die replika van die De Beer-pioniershuisie en die binneplein in die Kimberley-Mynmuseum.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


'n Ander faktor wat bygedra het tot die byna spontane ontstaan van die Museum, is die feit dat baie van die oudste strukture van Kimberley eenvoudig gesloop is of in die gevaar van vernietiging verkeer het weens die vinnige uitbreiding van die stad. Só gebeur dit dan ook dat die oudste huis in Kimberley in Julie 1952 daarheen oorgeplaas word[80] - 'n opslaanhuis van hout wat in 1877 in Engeland vervaardig en per ossewa vanaf Kaapstad na Kimberley vervoer is. Dit is dus ongeveer dieselfde tyd waarin daar ook in Pretoria roeringe ontstaan om sý oudste huis op een of ander wyse te bewaar. In Oktober 1956 word die bekende vuisveg-akademie van die ewe bekende Barney Barnato na die sowat 3½ acre langs die Oop Myn oorgeplaas. Só ontstaan dan die gedagte om 'n museum te ontwikkel wat sedert 1969 baie uitgebrei het. Mnr Basil Humphreys was hoofsaaklik die dryfkrag daaragter.


Tans bied die Museum 'n uitstekende oorsig van en insig in die ontwikkeling wat sedert die vroegste jare in Kimberley plaasgevind het. 'n Groot hoeveelheid outydse mynmasjinerie en werktuie word bewaar. Op sekere vakansiedae word van die delwers van die nabygeleë Nooitgedacht gebring om die werking en gebruik daarvan aan besoekers te demonstreer. Die Museum het ook 'n baie mooi versameling van die eerste vervoermiddels wat met verloop van jare in Kimberley aangekom het.

Dit is egter die geboue wat onmiddellik die aandag van 'n besoeker opeis. Die replika van die mynbestuurder se huis met sy Victoriaanse meublement staan in skrille kontras met die ander eenvoudige strukture, veral die replika van die broers De Beer se pioniershuisie, waarvan die oorspronklike nog op Vooruitzicht staan. Die Diggers' Rest-kroeg; die oudste kerkie wat in Kimberley gestaan het, die Duitse Lutheraanse kerk, St Martini wat reeds in 1875 gebou is; sir David Harris se balsaal; en die smidswinkel van H Coombes maak alles deel uit van die eenheid wat geskep is. Die binneplein waarin van die oudste winkels gerekonstrueer is met die oorspronklike name op die uithangborde en waarin ook 'n tipiese Victoriaanse smeedyster-orkesverhoog staan, is beslis die hoogtepunt van 'n besoek.

Die oorspronklike strukture en replikas word besonder behendig afgewissel met uitstallings in sekere van die geboue op die terrein. Daar is 'n fotografiese uitstalling van die sosiale lewe van Kimberley vanaf omstreeks 1871 tot 1900. Sekere myntoerusting kan met die plasing van 'n muntstuk in 'n gleuf in werking

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)





Die Tsonga-kraal waar die woon- en leefkultuur van die Tsonga voortreflik verbeeld word.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)

gestel word terwyl, met die gebruikmaking van moderne hulpmiddels, die groei van die myn visueel verbeeld word. Dit skep vir die besoeker 'n beeld van hoe die gat gegroei het tot 'n diepte van nagenoeg 1066 meter waaruit 25 miljoen ton grond gegrawe is om drie ton diamante te lewer, waarvan sommige ook op uitstalling is.

Dit verbaas dus nie dat hierdie Opelugmuseum soos alle ander musea van sy soort, kan spog met 'n geweldige besoekerstal. Dit wissel tussen 150 000 en 180 000 per jaar. As in aanmerking geneem word dat die plaaslike Alexander McGregor-Gedenkmuseum ongeveer 17 000 besoekers trek, dan kan die sukses van ook dié Opelugmuseum beter na waarde geskat word. Ongelukkig laat die gehalte van die vakkundige werk wat hier verrig is veel te wense oor. Dit word egter later bespreek.[81]

ix Die Tsonga-kraal, Hans Merensky-natuurreservaat

Op 8 April 1975 het die Administrateur, mnr S G J van Niekerk, 'n unieke opelugmuseum in Suid-Afrika geopen:[82] die Tsonga-kraal, in die Hans Merensky-natuurreservaat digby die Eiland-vakansieoord. In hierdie merkwaardige Opelugmuseum word die hutte, gebruiksvoorwerpe, tradisionele ambagte, die godsdiens, danse, voedsel, musiek en ander kultuurelemente van die Tsonga ten toon gestel.

Hierdie onderneming is deur die Transvaalse Provinsiale Museumdiens aangepak en deurgevoer.[83] Hulle belangstelling in dié rigting is gewek deur die feit dat die argeologiese opgrawings van die Universiteit van die Witwatersrand sulke ryk neerslae potskerwe blootgelê het. Die ou soutterreine waar die opgrawingswerk gedoen is, word beskou as van die rykste Ystertyd-terreine in Suid-Afrika. Benewens die soutterreine kom ook talle ystersmeltterreine in die reservaat voor. Die Adviesraad insake Provinsiale Museumdiens wat die reservaat in September 1973 besoek het, het besef watter groot opvoedkundige waarde en kulturele verryking die projek kan inhou en het daarom die ontwikkeling daarvan aanbeveel. Sedert die oprigting daarvan het dit nie alleen bewys gelewer van die opvoedkundige waarde vir skoliere en studente nie, maar ook juis die belangrikheid daarvan onderstreep vir veral buitelandse toeriste wat graag sulke ondernemings wil besoek.[84]

x Die Breederiviervallei-plaasmuseum, Worcester

In die Kaapprovinsie het daar in die laat sestigerjare 'n gedagte ontwikkel wat

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


aanleiding gegee het tot die totstandkoming van 'n belangrike opelugmuseum: die Breederiviervallei-plaasmuseum. Hierdie Museum word tans opgerig op "Kleinplasie", Worcester. Dit is 'n gelukkige keuse want in Worcester kan feitlik al die boerderybedrywighede van die ganse Boland tot hulle reg kom. Dié Landboumuseum sal beskik oor 'n moderne museumkompleks met voldoende uitstalruimtes waarin die boerderyontwikkeling op die gebied van die wynbedryf, sagte- en droëvrugte, die suiwelbedryf en die verwerking van wol uitgebeeld kan word. Benewens die lesingsaal, argief, leeskamer, werk- en stoorplek asook 'n restourant, sal daar ook replikageboue wees waarin plaaswerktuie vertoon sal word. Op gesette tye sal demonstrasie gelewer word van onder andere die trap van druiwe, brandewynstokery, die maak van rosyne, kook van moskonfyt, dors van graan deur middel van perde op die trapvloer, brei van rieme en die skeer van skape.[85] Die koste van die onderneming beloop na raming R350 000.[86] Hierdie streeksmuseum beloof om tot een van die belangrikste opelugmusea in Suid-Afrika te ontwikkel.

xi <u>Die restourasieprojek te Pelgrimsrus, Oos-Transvaal</u>

Ten slotte kan die restourasie van die ou historiese myndorpie "Pelgrimsrust" hier genoem word. Wat my betref verteenwoordig hierdie bewaringsprojek die gevorderdste asook die mees gewenste ontwikkeling binne die raamwerk van die opelugmuseum-fenomeen. Dit kan sonder twyfel in dieselfde asem genoem word as bewarings- en restourasieprojekte soos dié van Graaff-Reinet, Beamisch en Ironbridge in Engeland, en Greenfield Village en die beroemde Colonial Williams=burg in Amerika. Die besondere kenmerk van dié ondernemings is dat die geboue op die oorspronklike plek van oprigting bewaar word. Daar is dus nie sprake daarvan om geboue uit hul oorspronklike konteks en die oorspronklike samehang met ander geboue en die omgewing te verwyder nie.

Ook hierdie puik projek word deur die Transvaalse Museumdiens onderneem.[87] Alhoewel daar reeds in die laat sestigerjare belangstelling aan die kant van die Provinsiale Administrasie in die projek bestaan het, sou die betekenisvolle ont=wikkeling eers vanaf 1972 plaasvind. Gedurende Augustus bring die Administrateur van Transvaal, die Uitvoerende Komitee en senior beamptes van die Transvaalse Administrasie 'n besoek aan Pelgrimsrus. Uit hierdie besoek spruit dan die beginsel=besluit dat die dorpie en die myngebied in sy geheel gekoop moet word. Daarna volg lang onderhandelings met die eienaars totdat die finale koopooreenkoms op

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


26 Maart 1974 onderteken is. Die eiendom is op 28 Maart 1974 onteien.[88]

Reeds sedert 1925 is daar sprake dat die ontginning van goud in Pelgrimsrus gestaak sou word, en werksaamhede by die minder lonende skagte het ook inderdaad tot stilstand gekom. Uiteindelik was dit nog net die Beta-myn op Pelgrimsrus wat in volle produksie was, maar op 30 Junie 1971 is dit ook gestaak. Dit spreek vanself dat die ou historiese dorpie wat sedert die sewentiger= jare van die vorige eeu duisende delwers van oor die hele wêreld gelok het, met minder as 'n honderd inwoners, bestem was om in 'n spookdorpie te verander.[89] In dié lig moet die besluit van die Provinsiale Administrasie gesien word.

Die dorpie sal gerestoureer word volgens die tydperk tussen 1880 en 1910 en daar sal gepoog word om 'n lewende gemeenskap daar te stel. Indien daarin geslaag kan word om uitvoering te gee aan hierdie projek, sal 'n waardevolle kultuurhistoriese beeldvorming van 'n besondere tydperk in die geskiedenis vir die nageslag bewaar word. Altesame 130 huise en ander geboue sal gerestoureer word. Daarvan is slegs enkeles van baksteen. Die oorgrote meerderheid is van die kenmerkende sinkplaat-en-houtkonstruksie.[90] Verder sal gepoog word om die omvattende mynbedrywighede van die omgewing met sy skagte, kabelspore, laaikaste, kragstasies en stampers vir die toekoms te red. Dié koste is natuurlik enorm en sal beslis nie onder $1\frac{1}{2}$ miljoen rand beloop nie.

As 'n mens egter die kultuurhistoriese waarde van Pelgrimsrus in aanmerking neem is hierdie uitgawe geregverdig. Dit was immers nie slegs Suid-Afrika se eerste myndorp nie. Die eerste elektriese spoorlyn is daar gelê. Die eerste hidroëlek= triese kragsentrale in die Suidelike Halfrond is daar gehou. Die eerste vooraf= vervaardigde geboue in die land is daar opgerig. En tydens die Engelse Oorlog was die Staatsdrukkery en die Staatsmunt daar gesetel.[91] Dit en veel meer, maak Pelgrimsrus 'n besondere stuk aarde waar 'n merkwaardige geskiedenis afgespeel het.

## xii Terugblik

Uit die voorafgaande beskrywing is dit duidelik dat in die laaste dekade 'n merkwaardige vooruitgang te bespeur is. Die fenomeen opelugmuseum het uiteindelik in Suid-Afrika sy verskyning gemaak en is inderdaad in die proses van groei en ontwikkeling.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Verder is genoegsame bewyse aangevoer waarom die vestiging van die fenomeen in Suid-Afrika so traag plaasgevind het. Dit hang onteenseglik saam met die aard van die historiese ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika wat ook nie losstaan van die politieke en kultuurgeskiedenis van die land nie. Die kultuurhistoriese museum is in Suid-Afrika nie bestaansreg gegun nie. Indien die kultuurhistoriese museum tussen 1900 en 1950 normaal ontwikkel het en in dié vyftig jaar 'n dinamiese rol in die samelewing gespeel het, sou die uitkoms inderdaad anders gewees het. Die ontwikkeling van die nasionale gevoel sedert 1948 sou die totstandkoming van die opelugmuseum dan gouer verwesenlik het. Dit het egter nie gebeur nie. Die kultuurhistoriese museum moes eers tot sy reg kom alvorens hierdie spontane ontwikkeling kon plaasvind.

In die vyftigerjare ontwikkel dan 'n tweeledige stryd. Eerstens gaan dit om die voortbestaan van die kultuurhistoriese museum wat tot op daardie stadium 'n onbeduidende afdeling van 'n natuurhistoriese museum is. En wanneer 'n vakkundige aangestel word, groei die gedagte spontaan, ook binne die Museum, dat dié Afdeling nie slegs 'n selfstandige bestaansreg het nie maar dat dit ook in 'n eie, doeltreffende gebou gevestig moet word.

Naas hierdie stryd is daar ook 'n ander poging - om 'n opelugmuseum te stig. Die Genootskap Oud-Pretoria het in sy lang stryd uiteindelik gefaal. Waarin hulle wel geslaag het, was om die lewensbelangrike voorbereidingswerk te verrig.

Die aandeel van die Genootskap Oud-Pretoria in die totstandkoming van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in 1964 mag nooit onderskat of ontken word nie. Persoonlik twyfel ek of die opdrag ooit aan die nuwe Kultuur=historiese Museum gegee sou gewees het, was dit nie vir die volgehoue stryd wat die Genootskap aangeknoop het nie.

Dit was die Genootskap wat begin het met lesings oor die opelugmuseum deur onder andere dr W H J Punt,[92] dr G W Eybers,[93] mnr P F Coetzee[94] en mnr L I J H Roppe, goewerneur van die Belgiese provinsie Limburg, wat betrokke was by die oprigting van Bokrijk.[95]

Na aanleiding van die eerste pogings van die Genootskap het verskeie persone opelugmusea in Europa besoek, waaronder twee amptenare[96] van die Stadsraad van Pretoria wat waardevolle verslae saamgestel het.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Maar in die derde plek was die Genootskap daarvoor verantwoordelik dat die opelugmuseum-gedagte op twee vlakke bekend gestel is. Die eerste is in die pers. Verskeie waardevolle artikels het veral in die vyftigerjare verskyn wat beslis 'n positiewe invloed laat geld het. Ek kan hier byvoorbeeld verwys na die artikel van Johann Liebenberg wat op 21 November 1954 verskyn het onder die opskrif "Wil gister se dorp bewaar vir nageslag".[97] Hierdie artikel verwys na sekere geboue wat toe nog in Pretoria gestaan het en in die Museum opgerig kon word, soos adv Hollard se huis en die huis van kommandant-generaal Joubert. Boonop toon dit reeds in hierdie tyd merkwaardige begrip vir wat in 'n Suid-Afrikaanse opelugmuseum vermag kan word. Die ander vlak wat ook deur die toedoen van die Genootskap voorberei is, is die Volksraad. Daarvan getuig nie alleen verskillende skrywes van LV's nie[98] maar ook twee besonder belangrike toesprake wat in die Parlement gelewer is: dié van dr H Muller[99] en dié van dr J C Otto.[100] Albei hierdie parlementariërs het prominente aandag op die werk van die Genootskap gevestig. Van sy toespraak skryf dr Otto self: "Ek mag terloops daarop wys dat ek op 8 Mei 1962 reeds in die Volksraad 'n pleidooi gelewer het dat die Opelugmuseum aan Pretoria toegestaan moet word, want dit was op daardie tydstip geensins 'n uitgemaakte saak dat Pretoria die te stigte museum sou kry nie. In my toespraak het ek o.m. gesê: My belangrikste argument is dat die Stadsraad van Pretoria reeds in 1955 'n pragtige stuk grond ... in die natuurskone Fonteinedal beskikbaar gestel het vir die saak ..."[101]

Voortvloeiend uit bogenoemde feit dat die Genootskap so 'n geweldige bydrae gelewer het, is daar veral één saak wat tot groot droefheid stem: die feit dat die Bras Perreira-woning nie bewaar is nie. Dit is opmerklik hoe ander opelug=musea altyd met trots die huis of struktuur aandui wat eerste die aandag ontvang het, en na baie stryd as eerste gebou op die terrein opgerig is. Dink maar aan die "Wellenshoeve" van Bokrijk: "De Wellenshoeve werd zowat het uithangbord van het openluchtmuseum. Ze verscheen in illustrasies en kalenders. Ik gebruikte ze als motief voor ons eerste briefhoofd ..."[102] En in Pretoria, waar die oudste huisie in die stad vir bykans 12 jaar die middelpunt van belangstelling was en minstens aanleiding gegee het tot die gedagte om die Opelugmuseum op te rig, word die eerste stryders verplig om dit te laat "dump" (sic!).

Die "twee groepe" wat in Pretoria stryd gevoer het om die Opelugmuseum gevestig te kry, gaan uit van twee verskillende standpunte. Die een groep is oortuig,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


veral na 1958, dat die Opelugmuseum vanuit die Kultuurhistoriese Museum moet verrys nadat dié tot selfstandigheid gelei is. Daarteenoor meen die Genootskap Oud-Pretoria en in die besonder sy stigting, die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum, dat die Museum op die modelontwikkeling van die Opelugmuseum te Arnhem tot stand moet kom.[103] In Arnhem is 'n vereniging "Het Nederlandsch Openluchtmuseum" op 24 April 1912 gestig. Dié vereniging het geen museum besit nie, nog minder 'n terrein vir die Opelugmuseum. Hierdie vereniging het nadat hulle daarin geslaag het om die Opelugmuseum op te rig, dit eers in 1941 aan die Staat oorgemaak, en dit sou voortaan bestaan as 'n Rijksmuseum.[104] Dit was die gedagtegang wat in Pretoria byval gevind het. Dit kon miskien geslaag het indien die Stadsraad van Pretoria wat die troefkaart in die hand gehou het ten opsigte van die terrein, nie verkies het om die grond eerder aan 'n statutêre liggaam oor te dra nie.

Die een aspek wat die manne van die Genootskap Oud-Pretoria myns insiens nie besef het nie, was dat wat in Nederland suksesvol was, nie noodwendig in Suid-Afrika sou slaag nie. Om één rede: in Nederland het die kultuurhistoriese museum reeds sy volle ontwikkeling ondergaan – in Suid-Afrika moes dit nog sy regmatige plek in die samelewing verwerf. Iets van hierdie ontwikkeling vind tog in die vyftigerjare plaas. Natuurlik op 'n baie kleiner skaal en in 'n baie korter tyd as in Europa.

Sedert 1953, met die aanstelling van die eerste vakkundige, kom daar nuwe lewe in die ou verslete Kultuurhistoriese Afdeling. Die Museum en die publiek word daarvan bewus, juis as gevolg van die nasionale feeste en die uitwerking daarvan op die volk. In 1957 word egter 'n baie belangrike fase betree wat juis ook in Europa die stigting van opelugmusea voorafgegaan het. Dit is naamlik die inrigting van stylkamers. Dié fase breek dan juis in 1957 aan wanneer die uitstalling in die Voortrekkermonumentmuseum onder leiding van mev Roodt-Coetzee voltooi word.[105] Daarin word die pioniersgeskiedenis van die Voortrekkers besonder noukeurig en lewensgetrou verbeeld in 'n kamptoneel met 'n ossewa en in 'n reeks van drie stylkamers. 'n Slaapkamer, woonvertrek en kombuis van 'n pioniershuisie word ingerig met al die nodige meubels, gebruiksvoorwerpe en persoonlike besittings van die Trekkers.

In die ontwikkelingsgeskiedenis van die opelugmuseum in Europa was die volgende fase om hierdie uitstalling agter glaswande uit te neem en in die huisie met sy natuurlike omgewing te plaas. In Pretoria gebeur teoreties dieselfde. Kort na die voltooiing van hierdie pragtige uitstallings merk ons die nuwe belangstelling

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



van die kant van die Museum wat aanleiding gee tot die onderhandelinge van 1958 om die volgende fase te probeer bewerkstellig.

Hierdie perspektief bring meer helderheid op die aktiwiteite van die "twee groepe". Ongelukkig het hulle die helderheid self nie gehad nie. Vandaar die spanninge wat tog soms bestaan het.

In 'n sekere sin kan 1964 as die "oorwinningsjaar" gesien word. Die Kultuur= historiese Museum kom uiteindelik tot sy reg. Voortaan kon hy vir sy eie belang beplan en die stryd aansê. Alhoewel die stryd nog nie tot 'n einde gevoer is nie, het die Direkteur en die Raad van die Museum 'n waardevolle en waardige stryd aangeknoop om die droom te verwesenlik.

Gedurende die lange jare van onderhandelinge het die Raad aan sekere vaste uitgangspunte vasgehou wat korliks aangedui moet word. Die eerste geld die terrein wat van die Stadsraad van Pretoria ontvang moes word. Die Raad was nie van plan om enige stuk grond in ontvangs te neem wat nie kon beantwoord aan die vereistes wat gestel is nie. 'n Tweede uitgangspunt wat konsekwent gehandhaaf is, was dat die Kultuurhistoriese Museum wat opgerig moes word nie los gesien is van die Opelugmuseum wat tot stand moes kom nie. Dit is as 'n eenheid gesien. Die één is as 'n gevorderde ontwikkeling van die ander gesien en daarom hoort die twee ook, afgesien van praktiese voordele wat dit inhou, in dieselfde omgewing of op dieselfde terrein. 'n Derde uitgangspunt het die ligging geraak: dit moes so naby moontlik aan Pretoria-stad opgerig word.

Die vierde en laaste uitgangspunt wat hier genoem word, wat eintlik as vanself= sprekend aanvaar is, is dat die Opelugmuseum 'n nasionale opelugmuseum sal wees. Dié Opelugmuseum het nog nie verrys nie. Na vyf en twintig jaar word nog steeds met die Stadsraad onderhandel om 'n geskikte terrein te bekom. Pas, in 1978, is besluit dat die terrein by Renosterkop wat reeds aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum geskenk is, deur 'n ander terrein vervang moet word. Op die huidige tydstip wil dit voorkom asof die verstandhouding bereik is dat die nuwe Kultuurhistoriese Museumgebou in die omgewing van die Voortrekkermonument opgerig sal word, terwyl die Opelugmuseum op die "Wolfaardt-plaas" ten ooste van Pretoria gebou sal word. Dit hou in dat daar 'n ruiltransaksie moet plaasvind. Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum sal die 53 hektaar in die Fonteinedal waarvan hy die kaart en transport besit, ruil vir 4 hektaar aan die hang van Schanskop waar die Kultuurhistoriese Museum gebou sal

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


word plus ongeveer 50 hektaar van die Wolfaardt-plaas vir die Nasionale Opelugmuseum.[106] Dit sal niemand wat die geskiedenis van die afgelope 25 jaar ken, verkwalik word as ook hierdie nuwe onderhandelinge met agterdog bejeën word nie.

Die Pioniersopelugmuseum en die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum is egter stille getuies van die vasbeslotenheid van die Direkteur en haar Raad om tog nog die Nasionale Opelugmuseum van Suid-Afrika iewers in die toekoms te bou.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


## VERWYSINGS

1 Mededeling van mev Kotie Roodt-Coetzee. Die betrokke toespraak is in haar besit.

2 Kotie Roodt-Coetzee: 'n Opelugmuseum vir Pretoria (Pretoriana, nr 46, Desember 1964, bl 8).

3 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staats=ondersteunde Inrigtings, 1950, bl 214.

4 Die argiefstukke van die Genootskap Oud-Pretoria. Die dokumente is tans in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, verwysing A1266, Bande I/I/I - 3/3/7.

5 A1266, I/I/Z, 1948: Notule van die Vergadering gehou ten huise van mnr W Punt, St Patrickweg op 22 Maart 1948.

6 A1266, I/I/G, 1948: Eerste Konstitusie van die Genootskap Oud-Pretoria, bl 1.

7 W H J Punt: Ons Stad Groei (Pretoriana, Deel 2, nr 1, September 1952, bl 1 - 2).

8 W Punt: The Fountain Lodge (Pretoriana, Deel 2, nr 4, Julie 1953, bl 1 - 2).

9 A1266, I/I/6H, 1953: Brief Eresekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria aan die Stadsraad van Pretoria, 19 Maart 1953.

10 G W Eybers: 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum (Pretoriana, nrs 16 en 17, Julie - September 1955, bl 69).

11 A1266, I/I/6A, 1953: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria van 1953; Gustav S Preller: Voortrekkermense IV, bl 137.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



12 A1266, I/I/6H, 1953: Brief Waarnemende Stadsklerk aan die Sekretaris, Genootskap Oud-Pretoria, 4 Desember 1953.

13 A1266, I/I/6A, 1953: Jaarverslag 1953.

14 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Bestuursvergadering gehou op 29 Januarie 1954.

15 A1266, I/I/7V, 1954: Uitnodiging na 'n Algemene Vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria op Woensdag 24 Februarie 1954.

16 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Algemene Vergadering gehou op 24 Februarie 1954.

17 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Bestuursvergadering gehou op 21 Oktober 1954.

18 A1266, I/I/7N, 1954: Notule van Spesiale Vergadering van die Bestuur gehou op 5 Julie 1954; A1266, I/I/7A, 1954: Kennisgewing van 'n Bestuursvergadering op Donderdag 21 Oktober 1954.

19 Notule van Raadsvergadering van die Kuratore van die Transvaal-Museum, 3 Desember 1954; A1266, I/I/7V, 1954: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1954; A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Bestuursvergadering gehou op 31 Januarie 1955.

20 A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Bestuursvergadering gehou op 31 Januarie 1955; A1266, I/I/8V, 1955: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1955; A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 29 November 1955; Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Genootskap Oud-Pretoria: Memorandum Opelugmuseum; TM/OM I: "Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum: Voorgestelde Memorandum"; Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Stadsraad van Pretoria: Kennis

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



van Vergadering van die Onderkomitee op Woensdag 4 Julie 1956, waarby aangeheg is 'n verslag van die Stadsklerk asmede 'n afskrif van die Raadsbesluit van 29 Februarie 1956.

21 Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Stadsraad van Pretoria: Kennis van Vergadering van die Onderkomitee op Woensdag 4 Julie 1956.

22 A1266, I/I/8N, 1955: Notule van Bestuursvergadering gehou op 31 Januarie 1955.

23 Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962" Genootskap Oud-Pretoria: Memorandum Opelugmuseum; F J du Toit Spies: The Open-Air Museum (Pretoriana, nr 22, Desember 1956, bl 2 - 5).

24 A1266, I/I/9N; 1956: Notule van Bestuursvergadering gehou op 23 Augustus 1956.

25 A1266, I/I/9V, 1956: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1956.

26 TM/OM I: Die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria - Konstitusie.

27 A1266, I/I/10V, 1957: Kennisgewing van 'n Vergadering van die Bestuur van die Opelugmuseum op 16 Mei 1957; A1266, I/I/10V, 1957: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria 1957; A1266, I/I/10M: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 19 November 1957.

28 TM/OM I: Memorandum re Proposed New Museum of Cultural History, bl 2.

29 TM/OM I: Memorandum oor 'n Opelugmuseum vir Primitiewe Kuns.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



30 TM/OM I: Samesprekings oor voorgestelde Opelugmuseum naby Fonteine tussen Historiese Subkomitee van die Transvaal-Museum en die Genootskap Oud-Pretoria; TM/OM I: Verslag van Samesprekings gehou tussen lede van die Bestuur van die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum, die Genootskap Oud-Pretoria en die Historiese Onderkomitee van die Transvaal-Museum gehou op Dinsdagaand 15 April 1958 in die nuwe Museumgebou; A1266, I/I/11N, 1958: Notule van Bestuursvergadering Oud-Pretoria en die Komitee vir die Opelugmuseum gehou op 29 Mei 1958; A1266, I/I/11V, 1958: Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria, 1958.

31 TM/OM I: Verslag van die Onderhoud tussen Sy Edele Minister Serfontein en die Gesamentlike Komitee van die Transvaal-Museum en die Opelugmuseum van Suid-Afrika te Pretoria op 19 November 1958.

32 TM/OM I: Memorandum re Proposed New Museum of Cultural History.

33 TM/OM I: Die Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria: Uniefees, 1960. Die Voorlopige Bestuur was op dié stadium: dr Punt (voorsitter), dr Eybers (ondervoorsitter), mnr Van Niekerk (sekr), mnr B L de Bruyn (penningmeester), mnr Gildenhuys en dr F du T Spies.

34 A1266, I/I/14A, 1961: Brief Stadsklerk aan Sekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria, 4 Mei 1961; A1266, I/I/14N, 1961: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 21 November 1961; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 12 Februarie 1962; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuurs=vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 22 Oktober 1962; Bylae tot die Transvaler, Saterdag 2 September 1961: "Twee persele vir

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



museum mits ..."

35 A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Vrydag 26 Februarie 1960; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962; A1266, I/I/16N, 1963: Notule van Bestuursvergadering van die Genoot=skap Oud-Pretoria gehou op 29 Oktober 1963.

36 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 24 Mei 1962; A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 9 Augustus 1962.

37 A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Vrydag 26 Februarie 1960.

38 Die Transvaler, Saterdag 10 September 1960, bl 6: "Handels=dokumente van 90 jaar gelede in Hoofstad gevind"; A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 6 Oktober 1960; A1266, I/I/13P, 1960: Brief Senior Argivaris aan Eresekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria, 10 September 1960; A1266, I/I/13N, 1960: Notule van Jaarver=gadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 3 November 1960; Die Bras Perreira-versameling (1846 - 1932) verskyn by A1266, Bylaag E, Band I - 5.

39 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 12 Februarie 1962.

40 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 24 Mei 1962.

41 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 9 Augustus 1962.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


42 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962.

43 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 9 Augustus 1962.

44 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 18 September 1962.

45 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 22 Oktober 1962.

46 A1266, I/I/14N, 1961: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 21 November 1961.

47 Staatskoerant van 21 Augustus 1964, Goewerments Kennisgewing Nr 1291.

48 NKO I/65: Brief Sekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria aan die Voorsitter, Kultuurhistoriese en Opelugmuseumraad, 22 September 1964.

49 NKO I/65: Brief K Roodt-Coetzee aan dr T S van Rooyen, 15 Maart 1965; Notule van die Raad van Kuratore van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum gehou op Vrydag 26 Februarie 1965, bl 4.

50 Lêer "Opelugmuseum 1955, 1958, 1962": Jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria 1965.

51 Die Transvaler, Woensdag 29 Augustus 1962; Transvaal-Museumargief: Notule van Vergadering van die Historiese Subkomitee gehou op Woensdag 2 April 1958; Transvaal-Museumargief: Notule van Vergadering van die Historiese Subkomitee gehou op 20 Mei 1958, bl 3 - 4; Transvaal-Museumargief: Notule van 'n Spesiale Vergadering van die Transvaal-Museum se Raad van Kuratore gehou op Vrydag 30

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Mei 1958; Transvaal-Museumargief: Verslag van 'n Samespreking tussen verteenwoordigers van die Raad van die Transvaal-Museum en die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Donderdag 23 Augustus 1962.

52 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief TM/OM I: Voorgestelde Memorandum: Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum.

53 Mededeling van mev Kotie Roodt-Coetzee.

54 NKO (1) 70/1: Memorandum; Sien ook TM/OM 1: Voorgestelde Memorandum: Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum.

55 TM/OM 1: Verslag van Vergadering van Kleinkomitee Ad Hoc insake Opelugmuseum gehou op Donderdagmiddag 16 Augustus 1962.

56 TM/OM 1: Voorgestelde Memorandum: Aansoek aan die Stadsraad van Pretoria vir perseel vir Opelugmuseum.

57 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: NKO 1966 - NKO 1976.

58 NKO (1) 70/1: 'n Nasionale Opelugmuseum vir die Republiek van Suid-Afrika: Onderhandelinge oor 'n terrein.

59 Notules Raad van Kuratore van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum 1967/1968: Jaarverslag, 24 November 1967, bl 5.

60 NKO 70/1 (2); NKO 70/2 (2).

61 Hoofstad, 28 April 1975: Wat het van Opelugmuseum geword? Brief van H T Roelofse, Menlopark.

62 The Pretoria News, 7 Maart 1953: Silverton's Historical Landmark.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


63 B Auret en A Bester: Enkele grepe uit die Geskiedenis van Silverton (Pretoriana, nr 30, Augustus 1959, bl 17).

64 Die Vaderland, 13 Junie 1959; The Pretoria News, 7 Maart 1953; Pretoriana, nr 30, Augustus 1959; Pretoriana, nr 24, Augustus 1957.

65 A1266, I/I/9H, 1956: Brief Sekretaris van die Genootskap Oud-Pretoria aan mnr S J Lubbe, Skoolhoof Gouwermentskool, Silverton, 16 Junie 1956.

66 Pretoriana, nr 30, Augustus 1959, bl 13.

67 Die Transvaler, 2 September 1961: Dit sal Eintlik 'n Dorpie wees.

68 The Star, 7 September 1961: Hands off Vermeulen House; Die Transvaler, 6 September 1961: Silverton kry sy eie Opelugmuseum; The Pretoria News, 6 September 1961.

69 K Roodt-Coetzee en W Louw: Die Pioniersopelugmuseum, Silverton, Pretoria, bl 6: NKS 66/1 en 67: K Roodt-Coetzee: Memorandum oor Pioniershuisie by Silverton, bl 1 - 4; Vasti Grové: In Vanmelewe se Nostalgie Vasgevang (Hoofstad, Vrydag 14 Januarie 1977, bl 13).

70 NKPS 75/1, Pioniershuis, Silverton: Verslag oor die Toespraak van die Staatspresident, dr N Diederichs, by geleentheid van die Opening van die Pioniersopelugmuseum op 5 November 1975, bl 1.

71 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: NKLM 76/1 en 77/1.

72 NKLM 76/1: Brief M E le Roux aan Direkteur, 5 Junie 1974; Jaarverslag van die Nasionale Kultuurhistóriese en Opelugmuseum vir die jaar geëindig 31 Maart 1970, bl 9; Jaarverslag van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum vir die jaar geëindig 31 Maart 1971, bl 2; Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief:

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


73 W J Berg: Prinsloo-familiegeskiedenis, Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

74 NKLM 77/1: Brief Direkteur aan Departement van Nasionale Opvoeding, 20 Januarie 1977; NKLM 76/1: Skenking van 'n gedeelte van die plaas Kaalfontein.

75 NKLM 76/1: Brief Departement van Nasionale Opvoeding aan Direkteur, 5 Julie 1976.

76 NKLM 76/1: Brief Tesourie aan Sekretaris van Nasionale Opvoeding, 28 Junie 1976.

77 Beplanning en begrotings: NKLM 76/1, NKLM 77/1; NKLM 77/1: Koste: Argitek aan Direkteur, 29 Junie 1977.

78 NKLM 77/1: Koerantartikel: Boerdery, Bylaag tot Western Transvaal Record; Die Stellalander; Die Noordwester; Vista; Wes-Transvaler en OVS Herald (almal 22 Oktober 1976) en Potchefstroom Herald (19 Oktober 1976): Landbou kry sy Eie Museum; Jan Badenhorst: Bewaar Asb ons Boere-erfgoed (Land= bouweekblad, 23 Mei 1975, bl 64 - 68).

79 Inligting verskaf deur mej R M Tietz, onderdirekteur van die McGregor-Museum, Kimberley, tydens besoeke aan die Mynmuseum, 19 - 20 Augustus 1977 en 16 - 18 Augustus 1978. Tydens die laaste besoek was mnr D E Schaefer ook teenwoordig. Laasgenoemde is aangestel as vakkundige beampte by die Mynmuseum vanaf Mei 1978.

80 Inligting voor die huisie aangebring.

81 Sien hoofstuk V, bl 206 - 207.

82 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Museumdiens Verslag 1975, bl 9.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



83 Transvaalse Provinsiale Administrasie: U K Besluit nr 2382 van 19 Desember 1972; Transvaalse Provinsiale Administrasie: Memorandum Provinsiale Sekretaris aan Die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee, 19 Desember 1972; Sien ook Transvaalse Provinsiale Administrasie: Provinsiale Museumdiens, B4-4-3 Deel 1: Amptelike Opening van die Tsonga-kraal, Toespraak gelewer deur sy Edele die Administrateur.

84 Udo Küsel: Oorsig oor die Ontwikkeling van die Tsongakraal-Opelugmuseum (Ongepubliseerde referaat gehou by die Algemene Jaarvergadering van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging in Durban, Mei 1977, bl 1 - 9); Tsonga-kraal (Overvaal Musea=nuus, nr 3, Maart 1975, bl 3); Transvaalse Provinsiale Museumdiens: Tsonga-kraal, bl 1 - 8; Inligting is aan my verskaf op verskillende besoeke in 1976 en 1977 aan die Kraal deur die hoof- vakkundige beampte, mnr Udo Küsel, en mej L Immelman, vakkundige beampte van die Transvaalse Museumdiens.

85 NKLM 77/1: Memorandum Breederiviervallei-plaasmuseum, en argiteksplan van dié Museum geteken deur G T Fagan.

86 The Pretoria News, 27 Oktober 1975.

87 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Museumdiens: U K Notule 2186 van 27 November 1972: Memorandum Voorgestelde aanskaffing van Pelgrimsdorp vir gebruik as 'n openbare oord, bl 4; U K Notule 1201 van 28 Junie 1973, par 24.1, bl 6.

88 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Werkedepartement: B4/3/2/8/6 Deel 1: U K Besluit 2186 van 27 November 1972; Sien ook A Rautenbach: Pilgrim's Rest, ongepubliseerde gids vir toeriste, bl 2.

89 Peter Schafer: A 'little bit of heaven' up for rent (The Star, Vrydag 10 November 1972); Pilgrim's Rest still lives on (The Star, Donderdag 12 Maart 1970, bl 35); Le Roux Terblanche: Gouddorp of Spookdorp? (Die Huisgenoot, 17 Maart 1961, bl 58 - 61).

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


90 Gus Clive en G Pieterse: Pelgrimsrus - 'n Nuwe Lewe Ontwaak (Die Transvaler, Saterdag 26 Oktober 1974, bl 9).

91 C Edwards: Pelgrimsrus - Verhaal van 'n Goue Era (Suid-Afrikaanse Panorama, Vol 18, nr 12, Desember 1973, bl 14 - 19; J Swanepoel: Pelgrims skud sy Vere reg vir Talle Toeriste (Hoofstad, Woensdag 23 Oktober 1974); J Buys: 'Spookdorpie' kan Paradys vir Toeriste word (Die Transvaler, 14 Junie 1969); Pelgrimsrust (Overvaal Musea=nuus, September 1974, nr 1, bl 4).

92 A1266, I/I/7V, 1954: Uitnodiging na Algemene Vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria. Dr W Punt sou praat oor "Die Moontlikheid om 'n Opelugmuseum vir Transvaal in Pretoria te stig".

93 A1266, I/I/13R, 1960: Transkripsie van 'n radiopraatjie uitgesaai op Maandag 11 Januarie 1960: Kultuur uit ons Stamlande en uit Eie Bodem. 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum.

94 A1266, I/I/14N, 1961: Notule van Jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 21 November 1961. Mnr P F Coetzee se toespraak "Die Opelugmuseum te Arnhem" word gelees deur mnr Westra.

95 A1266, I/I/17N, 1964: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op Woensdag 15 April 1964.

96 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Lêer "Opelug=museum 1955, 1958, 1962" Stadsraad van Pretoria: Kennis van Vergadering van Onderkomitee op Woensdag 4 Julie 1956, waarby aangeheg is 'n verslag van die Stadsklerk asmede 'n afskrif van die Raadsbesluit van 29 Februarie 1956. Verslag van mnr N Cooper, geskryf tydens sy besoek aan die Opelugmuseum van Arnhem; TM/OM I: Verslag van die Stadsklerk, mnr H Preiss, se buitelandse reis 1956.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


97 Johann Liebenberg: Wil Gister se Dorp Bewaar vir Nageslag (Fleur, Tydskrifbylaag tot Dagbreek, 21 November 1954).

98 A1266, I/I/15N, 1962: Notule van Bestuursvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria gehou op 12 Februarie 1962.

99 H Müller tydens bespreking van die begrotingspos Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1959. Hansard Kolomme 8028 - 8030; H Müller: Die Suid-Afrikaanse Museumwese (Pretoriana, nr 30, Augustus 1959, bl 3 - 7).

100 Hansard Kolomme 5370 - 5372, 8 Mei 1962.

101 NKO 70/1 (1): Brief dr J C Otto, LV aan die Direkteur, 26 Januarie 1970.

102 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 27.

103 Die Transvaler, Woensdag 29 Augustus 1962.

104 A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 1 en 43.

105 Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseumargief: Voortrekker=monumentmuseum 1953 tot 1964; Geskiedenis en Voortrekkermonument=museum-verslae: 1967 - 1970.

106 NKO (1) 78/1: Brief Direkteur aan die Sekretaris Departement van Nasionale Opvoeding, 12 April 1978.